ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

# ACTINOMYCES
## (CORYNEBACTERIUM) PYOGENES VACCINE

Reg. No. G 0135 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0577

Formalinised aluminium hydroxide gel adsorbed suspension of *Arcanobacterium (Actinomyces) pyogenes* bacteria and toxoid for the control of *A. pyogenes* infections in cattle, sheep and goats.

**Store the vaccine at a temperature of 4 °C to 8 °C, in a refrigerator. Do not use after the expiry date printed on the bottle.**

**RECOMMENDATIONS FOR USE**
Abscesses and other purulent infections may be caused by a variety of bacteria. On farms where such infections are prevalent it is advisable to have the cause confirmed by a veterinary laboratory. Since the vaccine only affords temporary and partial immunity it is advisable to apply the vaccine 6-8 weeks before the usual or anticipated occurrence of infection. Judicious administration of the vaccine should be accompanied by other appropriate control measures and stock owners are urged to consult a veterinarian in this respect. The vaccine will not afford protection against the common forms of staphylococcal and streptococcal mastitis.

**WARNINGS**
**Do not slaughter animals for human consumption within 7 days of vaccination. Vaccinate only healthy animals. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.**

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either syringes or needles. Use a separate sterile needle for each animal. Shake the bottle well before filling the syringe and avoid exposure to high temperatures and direct sunlight during inoculation. In cattle, injections should preferably be given under the loose skin in the neck region.
Animals may be immunised at any age from 2 weeks. When animals are inoculated for the first time they should receive a series of 3 injections at 10 day intervals. A single booster injection should be given every 6 months thereafter.

**DOSAGE: Cattle older than 6 months: 10 ml subcutaneously**
**Adult sheep, goats and calves under 6 months: 5 ml subcutaneously**
**Lambs under 2 months: 2 ml subcutaneously**

**EFFECTS OF THE VACCINE**
Because of the large dose which is required, local swellings and lameness may occur. If this happens the interval between the injections may be increased to 14 days. **It is also not advisable to drive animals over long distances shortly after administration of the vaccine.** Immunity is maximal 14-28 days after the third injection and lasts for approximately 6 months but cannot be guaranteed in all animals.

**PACKING**
Available in bottles of 100 ml.

**Registration holder:**
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

P1241
Made in South Africa Edition 4

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

# ACTINOMYCES
## (CORYNEBACTERIUM) PYOGENES ENTSTOF

Reg. Nr. G 0135 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0577

Geformaliniseerde aluminiumhidroksied gel geadsorbeerde suspensie van *Arcanobacterium (Actinomyces) pyogenes* bakterieë en toksoïed vir die beheer van *A. pyogenes* besmettings in beeste, skape en bokke.

**Bewaar die entstof by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C, in 'n yskas. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.**

**AANBEVELINGS VIR GEBRUIK**
Absesse en ander etterige besmettings kan deur 'n verskeidenheid bakterieë veroorsaak word. Op plase waar sulke besmettings is, is dit raadsaam om die oorsaak deur 'n veeartsenykundige laboratorium te laat bevestig. Aangesien die entstof slegs tydelik en gedeeltelik immuniteit verwek, is dit raadsaam om die entstof 6-8 weke voor die gewone verwagte voorkoms van besmettings toe te dien. Oordeelkundige aanwending van die entstof moet ook met ander aangewese beheermaatreëls gepaard gaan en vee-eienaars word aangeraai om 'n veearts in hierdie verband te raadpleeg. Die entstof sal nie beskerming teen die gewone vorms van Staphylococcus en Streptococcus mastitis verleen nie.

**WAARSKUWINGS**
**Moet nie diere binne 7 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos voorgeskryf.**
Steriliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Gebruik 'n afsonderlike steriele naald vir elke dier. Skud die bottel goed voordat die spuit volgetrek word. Vermy blootstelling van entstof aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Inspuitings in beeste moet verkieslik onder die los vel van die nek gedoen word. Diere kan op enige stadium vanaf 2 weke ouderdom ingeënt word. Wanneer diere vir die eerste keer geënt word moet hulle 'n reeks van 3 inspuitings met tussenposes van 10 dae ontvang. 'n Enkel versterkingsinspuiting moet dan elke 6 maande toegedien word.

**DOSIS:** **Beeste ouer as 6 maande: 10 ml onderhuids**
**Volwasse skape, bokke en kalwers onder 6 maande: 5 ml onderhuids**
**Lammers onder 2 maande: 2 ml onderhuids**

**UITWERKING VAN DIE ENTSTOF**
Weens die groot dosis wat benodig word mag plaaslike swelsels en mankheid voorkom. Indien dit gebeur kan die tyd tussen inspuitings na 14 dae verleng word. **Dit is ook nie raadsaam om diere pas na toediening van die entstof ver aan te jaag nie.** Immuniteit is maksimaal 14-28 dae na toediening van die derde dosis entstof en duur vir ongeveer 6 maande maar kan egter nie in alle diere gewaarborg word nie.

**VERPAKKING**
Beskikbaar in bottels van 100 ml.

**Registrasiehouer:**
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P1241

Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 4